Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Gesels saam oor hoe julle mekaar as huisgesin versorg. Dalk onthou julle toe iemand in die huis nog ʼn baba was en hoe die versorging toe gelyk het. Dit is ook ʼn geleentheid om met mekaar te deel watter versorging julle nou van mekaar nodig het.

## WONDER

Lees 1 Koning 17 saam.

Gesels saam:

- Kan julle die drie verskillende versorgingsverhale in die teks raaksien?
- Watter een van die drie tref jou die meeste? Hoekom?
- Hoe sorg God vir julle huisgesin?

## WEES

Elia vra vir die weduwee vir ʼn roosterkoek. Maak as gesin saam ʼn paar roosterkoeke.

*Nota:* Besoek gerus die volgende webblad vir ʼn roosterkoek-resep: **https://braai.com/roosterkoek/ (https://braai.com/roosterkoek/)**.

Eet julle roosterkoeke saam en gesels oor hoe iets so klein soos ʼn roosterkoek versorging kan wees.

## WEGSTUUR

Gaan deel een van die roosterkoeke met iemand wat julle voel God op julle hart plaas; iemand wat dalk op die oomblik versorging nodig het.